GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# VOORBEREIDENDE EKSAMEN

# 2025

**10792**

**GESKIEDENIS**

**(VRAESTEL 2)**

GESKIEDENIS V2

10792A

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 150**

**9 bladsye + 'n addendum van 14 bladsye**

X05

Testpapers.co.za Testquestions.co.za

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B gebaseer op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA – DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

   VRAAG 2: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

   VRAAG 3: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE, 1989 TOT DIE HEDE

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA – DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

   VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

   VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te spandeer.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig gebruik.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae, in hierdie AFDELING nie. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM vervat.

### VRAAG 1: HOE HET DIE BLACK SASH DIE APARTHEIDSREGIME IN DIE 1980's UITGEDAAG?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Lees Bron 1A.

1.1.1 Wanneer, volgens die bron, is die Black Sash gestig? (1 x 1) (1)

1.1.2 Noem enige TWEE vroue wat in die stigting van die Black Sash betrokke was. (2 x 1) (2)

1.1.3 Wat, volgens die bron, was een van die redes vir die vorming van die Black Sash? (1 x 1) (1)

1.1.4 Definieer die term *grondwet* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.1.5 Hoe, volgens die bron, het die lede van die Black Sash teen die onregverdige apartheidsregeringsbeleid betoog? (1 x 2) (2)

1.1.6 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoekom die paswette die mees gehate wette was. (2 x 2) (4)

1.2 Gebruik Bron 1B.

1.2.1 Identifiseer TWEE vroue anti-apartheidsorganisasies, in die bron, by wie die Black Sash hulp gesoek het. (2 x 1) (2)

1.2.2 Lewer kommentaar oor hoekom die aantal mense wat hulp by die Black Sash-advieskantore gesoek het, tussen die 1960's en 1970's toegeneem het. (2 x 2) (4)

1.2.3 Verduidelik die konsep *sitstakings* in die konteks van die Black Sash-protesaksies teen die apartheidsregering in die 1980's. (1 x 2) (2)

1.2.4 Wat, dink jy, word geïmpliseer deur die frase, “Hierdie praktyk het, regdeur deur die 1980’s, belangrike insigte gebied in die politieke werklikheid van nie-wit Suid-Afrikaanse burgers gedurende die eeu”. (1 x 2) (2)

1.3 Verwys na Bron 1C.

1.3.1 Verduidelik hoekom hierdie foto geneem is. (2 x 2) (4)

1.3.2 Lewer kommentaar oor die bruikbaarheid van hierdie foto vir 'n historikus wat navorsing oor die Black Sash-aktivisme tydens apartheid doen. (2 x 2) (4)

1.4 Verwys na Bronne 1B en 1C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1C die bewyse in Bron 1B ondersteun oor die rol wat die Black Sash tydens apartheid gespeel het. (2 x 2) (4)

1.5 Raadpleeg Bron 1D.

1.5.1 Wat, volgens die bron, was die doel van die wette wat in die 1980's aangeneem is? (1 x 1) (1)

1.5.2 Haal ’n bewys uit die bron aan wat die rede vir die arrestasie van twee-en-twintig lede van die Wes-Kaapse streek verduidelik. (1 x 1) (1)

1.5.3 Gee bewyse in die bron wat suggereer dat die Black Sash-lede nie so hardhandig soos swart betogers deur die polisie behandel is nie. (1 x 2) (2)

1.5.4 Hoekom, dink jy, het Nelson Mandela aan die rol van die Black Sash met sy vrylating uit die tronk erkenning gegee? (2 x 2) (4)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe die Black Sash die apartheidsregime in die 1980's uitgedaag het. (8)

**[50]**

**VRAAG 2: WAS DIE WAARHEIDS- EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) IN STAAT OM VIR SWART SUID-AFRIKAANSE FAMILIES VAN VERMOORDE ANTI-APARTHEIDSAKTIVISTE SOOS NTOMBI KUBHEKA GENESING TE BRING?**

Bestudeer Bronne 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Gebruik Bron 2A.

2.1.1 Wanneer, volgens die bron, het Suid-Afrikaners die eerste Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) sitting, bygewoon? (1 x 1) (1)

2.1.2 Wat, volgens die bron, het veral swart mense gehoop om by die WVK-sittings te baat? (1 x 2) (2)

2.1.3 Definieer die term *amnestie* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

2.1.4 Noem enige DRIE slagoffers in die bron wie se familielede nog vir geregtigheid wag. (3 x 1) (3)

2.1.5 Verduidelik wat deur die stelling geïmpliseer word, "... kies om óf tjoepstil te bly oor hul misdade …" in die konteks van die bereiking van versoening in Suid-Afrika. (2 x 2) (4)

2.2 Lees Bron 2B.

2.2.1 Watter naam is, volgens die bron, aan die gewapende vleuel van die African National Congress (ANC) gegee? (1 x 2) (2)

2.2.2 Lewer kommentaar oor hoekom jy dink dat die Suid-Afrikaanse Polisie se Veiligheidstak Ntombi Khubheka ontvoer en gemartel het. (2 x 2) (4)

2.2.3 Hoekom was dit belangrik vir Ntombi se familie om vir haar 'n begrafnis en 'n grafsteen te gee? (1 x 2) (2)

2.2.4 Verduidelik die betekenis van die stelling, "... word Thuli gekonfronteer met 'n skokkende gebeurtenis wat weer die *Bones of Memory* oproep". (1 x 2) (2)

2.3 Bestudeer Bron 2C.

2.3.1 Hoekom, dink jy, is hierdie advertensie gepubliseer? (2 x 2) (4)

2.3.2 Verduidelik waarom 'n historikus die bron as betroubaar sou beskou wanneer die lewe en rol van die anti-apartheidsaktivis, Ntombi Kubheka nagevors word. (1 x 2) (2)

2.4 Raadpleeg Bron 2D.

2.4.1 Verduidelik die term *anti-apartheidsaktivis* in die konteks van apartheid Suid-Afrika. (1 x 2) (2)

2.4.2 Dui aan, volgens die bron, wat die getuienis was wat voor die WVK-amnestiekomitee oor die dood van Ntombi deur die volgende mense gelewer is:

(a) Majoor Hendrik Botha (1 x 2) (2)

(b) Prokureur John Wills (1 x 2) (2)

2.4.3 Lewer kommentaar oor hoekom die getuienis wat deur die veiligheidspolisie gelewer is verskil van die getuienis wat deur die Kubheka-familie se prokureur gelewer is. (1 x 2) (2)

2.4.4 Haal bewyse uit die bron aan wat daarop dui dat die twee *askari's*, Simon Radebe en Jimmy Mbane, saam met die veiligheidspolisie gewerk het om Ntombi Kubheka te vermoor. (1 x 2) (2)

2.5 Verwys na Bronne 2B en 2D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 2D die bewyse in Bron 2B ondersteun, oor hoe Ntombi Kubheka in 1987 deur die apartheidsveiligheidspolisie vermoor is. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik of die Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK) in staat was om genesing te bring aan swart Suid-Afrikaanse families van vermoorde anti-apartheidsaktiviste soos Ntombi Kubheka. (8)

**[50]**

# MAAK ASSEBLIEF HIERDIE ADDENDUM VAN 14 BLADSYE LOS

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# VOORBEREIDENDE EKSAMEN

# 2025

| |
|---|
| **10792** |
| **GESKIEDENIS** |
| **(VRAESTEL 2)** |
| **ADDENDUM** |

**14 bladsye**

## VRAAG 1: HOE HET DIE BLACK SASH DIE APARTHEIDSREGIME IN DIE 1980's UITGEDAAG?

### BRON 1A

Die onderstaande bron is 'n uittreksel geneem uit ’n artikel getiteld 'The Black Sash Movement' deur Rheian Davies gepubliseer in die joernaal '*Socialist Lawyer*'. Dit bied redes waarom die Black Sash in die 1950's gevorm is.

Die Black Sash is op 9 Mei 1955 deur Jean Sinclair, Ruth Foley, Elizabeth McLaren, Tertia Pybus, Jean Bosazza en Helen Newton-Thompson gestig. Hulle het aanvanklik ’n veldtog teen die verwydering van gemengde ras kiesers (bekend as 'kleurlinge' in Suid-Afrika) van die kieserslys in die Kaapprovinsie gevoer. Die 'Black Sash' is as ’n teken van rou oor die dood van die Suid-Afrikaanse grondwet aangeneem, aangesien die apartheidsregering in al hoe meer aspekte van die samelewing begin ingryp het. Hulle het die voorreg van hul wit velkleur gebruik om op maniere wat die swart gemeenskap nie kon nie, te protesteer. Tydens die eerste protes in 1955 het 2 500 wit vroue in stilte deur Johannesburg gemarsjeer. Beelde van hierdie betogings en nagwake (stil waarnemings) uit die 1950’s wys vroue in hul Sondagsdrag, aangetree in netjies rye. Later het hulle ’n roos by die swart lyfband gevoeg, asook ’n boek wat die grondwet simboliseer wat hul ‘vroulike’ ingesteldheid en nie-gewelddadige filosofie beklemtoon het. Aanvanklik het die beweging ’n baie liberale en moralistiese (eerlike) karakter gehad, maar dit sou later verander.

Die Black Sash het gereeld nagwake (stil waarnemingsessie) buite die parlement gehou, en in vergelyking met swart betogers, is hulle aanvanklik met handskoene deur die polisie hanteer. Tog het baie vroue veroordeling uit hul eie gemeenskappe in die gesig gestaar en was dit nie ongewoon dat Black Sash-vroue fisies deur ander wit mense aangerand is nie. Talle vroue het in die geheim by die Black Sash aangesluit. Hulle eggenote het nie daarvan geweet dat hulle, terwyl hulle veronderstel was om die huis skoon te maak, betoog of swart gemeenskappe ondersteun het nie.

Die beweging het ook geglo in praktiese solidariteit en het regsadviesklinieke voorsien wat deur vrywillige gevallestudiewerkers beman is, terwyl gekwalifiseerde prokureurs pro bono (gratis) ure aangebied het om sake voor howe of arbeidsrade te bring. Die meeste het die gehate paswette hanteer. Die kantore was besig en verslae van die Johannesburg Adviessentrum in Augustus 1975 het getoon dat gevallestudiewerkers gemiddeld 22,2 kliëntonderhoude per dag gevoer het.

**[Aangepas uit *10.13169/socialistlawyer.72.0042*. Toegang op 3 Januarie 2025 verkry.]**

**BRON 1B**

Die onderstaande bron is geneem vanaf die *South African History Online*-webwerf. Dit beklemtoon die aktiwiteite van die Black Sash gedurende die apartheidsjare.

Tydens hierdie periode, in 1958, het die Black Sash-vroue ook hul eerste advieskantoor in Kaapstad geopen om regsadviesdienste aan slagoffers van die paswette te verskaf. Die advieskantore het gepoog om slagoffers van apartheidswetgewing binne die wetlike raamwerk te help. Alhoewel, omdat, die Black Sash-vroue nie baie in die wetgewing wat swart Afrikane raak belanggestel het nie, het hulle hulp by ander Afrika-vroue anti-apartheidsorganisasies gesoek. Hierdie organisasies het die African National Congress Women's League (ANCWL), Cape Association to Abolish Passes for African Women (CATAPAW), asook verskeie ander organisasies en gemeenskappe in townships ingesluit.

Die opening van die eerste kantoor in samewerking met ander anti-apartheid organisasies het 'n belangrike mylpaal in die ontwikkeling van die Black Sash as organisasie geword. Die vroue het nie net oor verandering gepraat, betoog en geskryf nie, maar het 'n poging aangewend om die mense te verstaan en te help wat meestal deur enige verandering in 'n apartheidsgemeenskap geraak sou word.

Na die opening van die eerste Black Sash-advieskantoor, het ander lede ook begin om kantore regoor die land te stig. Tussen die 1960's en 1970's was hierdie kantore gevul met duisende mense op soek na hulp teen onregverdige wette rakende gedwonge verskuiwings van gemeenskappe, segregasie, diskriminasie in onderwys en werkplekke asook gesondheidsorg. Hierdie was slegs 'n paar van die talle kwessies wat die Afrika-bevolking geraak het.

Die vroue in die kantore het voortdurend van wette geleer wat teen Afrikane ingestel is, hul impak ontleed en hoe om daarteen te veg. 'n Produktiewe strategie wat baie lede gebruik het, was om sitstakings in kommissiehowe te hou. Hierdie praktyk het regdeur die 1980's belangrike insigte gebied in die politieke werklikheid van nie-wit Suid-Afrikaanse burgers gedurende die eeu.

Een van die belangrikste strategieë van die begin af was om druk op die regering toe te pas deur die breër publiek op te voed deur middel van media via gedokumenteerde betogings, pamflette, Black Sash-koerante en inligtingsvergaderings.

**[Aangepas uit *https://www.sahistory.org.za/article/black-sash-history-transformation*. Toegang op 5 Januarie 2025 verkry.]**

**BRON 1C**

Die onderstaande foto is geneem uit ŉ e-boek getiteld *'Standing on Street Corners*' deur Mary Kleinenberg en Christopher Merrett. Dit wys die Black Sash-lede bymekaar voor die 'Standing for Truth Campaign'-vredesoptog, by die Cathedral of the Holy Nativity, in Pietermaritzburg op 21 September 1989. (Van links na regs is: Fidela Fouché, Didi Stevens, Bochara Karam, Mary Kleinenberg en Lorenza Cowling).




**[Bron:** ***https://www.natalia.org.za/Files/Publications/Black%20Sash%20book.pdf.*** **Toegang op 9 Junie 2025 verkry.]**

**VERTALING:**

**BLACK SASH**
**ONDERSTEUN**
**VREEDSAME VERSET**

**BRON 1D**

Die onderstaande bron is geneem uit ʼn boek getiteld *A Transnational History of the Black Sash and FEDSAW 1955–2001* deur Monica Ferro Gameiro Fernandes, ʼn student aan die Universiteit van Londen. Dit beklemtoon hoe die Black Sash in die 1980's deur die apartheidsowerhede geteister is.

Teen die 1980's is wette ingestel wat protes tot slegs een persoon buite die parlement beperk het. Lede van die Black Sash het op ʼn gereelde basis alleen buite die parlement en ander regeringsgeboue gestaan. Hulle sou ook reuse swart serpe aan regeringsgeboue ophang, of op trappe waar belangrike geleenthede sou plaasvind. Hulle het ook begin met die praktyk van 'ghosting' of 'spook'. Wit vroue het individueel regeringsministers na amptelike openings en funksies agtervolg en in stilte by hulle gestaan, altyd geklee in hul swart serpe. Hulle het ook regeringsgeboue betree en ministers in stilte gevolg, wat verrassend effektief was om hierdie mans te ontstel en ongemaklik te laat voel, dieselfde mans wat geen gewetenswroeging (twyfel) gehad het om tenks (gewapende voertuie) teen kinders in te stuur of aangehoudenes te martel nie.

Op Donderdag, 24 Augustus 1989, is twee-en-twintig lede van die Wes-Kaapse streek van die Black Sash gearresteer nadat hulle, ná ʼn openbare vergadering wat deur die nasionale president, Mary Burton, en ander sprekers toegespreek is, ʼn massaweerstand in die Groentemarkplein gehou het. Die polisie het opgedaag en hulle beveel om uiteen te gaan en toe hulle dit nie onmiddellik doen nie, is die plakkate en baniere gekonfiskeer en die omstanders (skare) bymekaar gemaak. Daar is egter slegs foto's en vingerafdrukke van hulle geneem, waarna hulle op hul eie borg (eie beloftes) vrygelaat is en die saak na die prokureur-generaal verwys is, maar geen verdere stappe is geneem nie. Meeste Black Sash-lede is gereeld gearresteer en aangehou, en hul gesinne is deur die staat geteister, alhoewel hulle dikwels beter behandeling as gevolg van hul wit velkleur ontvang het.

Veertig jaar van die Black Sash as ʼn versetbeweging het tot ʼn einde gekom met die afskaffing van apartheid. Die beweging se rol is deur Nelson Mandela ná sy vrylating uit die tronk erken. Die Black Sash het ook aan die onderhandelinge wat tot die Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK) gelei het, deelgeneem.

**[Aangepas uit *Beyond borders: A Transnational History of the Black Sash and FEDSAW*, deur Monica Ferro Gameiro Fernandes]**

## VRAAG 2: WAS DIE WAARHEIDS- EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) IN STAAT OM VIR SWART SUID-AFRIKAANSE FAMILIES VAN VERMOORDE ANTI-APARTHEIDSAKTIVISTE SOOS NTOMBI KUBHEKA GENESING TE BRING?

**BRON 2A**

Die onderstaande bron is ’n uittreksel uit *City Press* wat op 19 Desember 2024 gepubliseer is. Dit is geskryf deur Mbali Mbatha en is getitel, *TRC 28 Years later, no truth no reconciliation*. Dit beklemtoon wat swart mense gehoop het om uit die Waarheids- en-Versoeningskommissie (WVK) te verkry.

> Op 16 April 1996 het Suid-Afrikaners die eerste Waarheids- en-Versoenings-kommissie (WVK) sitting waargeneem, waar swart mense in die besonder met hoop en vertroue gevul was dat die waarheid oor hoe apartheidspolisie hul geliefdes genadeloos gemartel en vermoor het, uiteindelik sou uitkom. Slagoffers van apartheid het geglo dat hulle uiteindelik hul deurmekaar emosies sou kon versoen wat deur die onverklaarde verdwynings van familielede onder die vorige regering in wanorde gedompel is.
>
> Die ooreenkoms was eenvoudig:
>
> Oortreders moes hul sakke vol geheime volledig openbaar, asook die opswepers wat die moorde op hul onderskeie apartheidslagoffers beveel het, op die naam noem en verdoem (*name and shame)*, in ruil vir amnestie, eerder as om die volle mag van die nuutgestigte demokratiese regstelsel te trotseer.
>
> Agt-en-twintig jaar later het hierdie, en ander verwagtinge wat met die stigting van die WVK gepaard gegaan het, nog nie ’n greintjie geregtigheid vir die families van Richard Motasi en sy vrou Irene Motasi, Ntombi Kubheka, Matthews Mabalane, Phila Ndwandwe, en vele ander gebring nie.
>
> Oortreders van hierdie en talle ander moorde en verdwynings, wat deur die apartheidspolisie beveel is, geniet steeds die reg op vryheid van spraak wat saam met die geboorte van die land se demokrasie gekom het, deur te kies om óf tjoepstil te bly oor hul misdade, óf om slegs brokkies van die volle waarheid te openbaar oor die ware omvang van hul optrede teen hul slagoffers.

**[Aangepas uit *https://www.news24.com/citypress/voices/trc-28-years-later-no-truth-no-reconciliation-20241103*. Toegang op 19 Desember 2024 verkry.]**

**BRON 2B**


Die onderstaande uittreksel is uit 'n dokumentêr getiteld *The Bones of Memory*, gedateer 18 Julie 2024, en is vervaardig deur die Instituut vir Geregtigheid en Versoening (IJR). Dit fokus op Ntombi Khubheka, 'n ANC-operateur wat deur die apartheidsowerhede vir haar rol in die stryd teen apartheid tereggestel is, se moord.

Ntombi was 'n anti-apartheidsaktivis en lid van die gewapende vleuel van die verbanne African National Congress (ANC), Umkhonto weSizwe (MK). Sy het as 'n operateur vir die organisasie gewerk en was verantwoordelik vir die koördinering van aktiwiteite tussen die interne eenheid en die eksterne eenheid van die ANC, sowel as die koördinering van ander ondergrondse aktiwiteite. Die Veiligheidstak van die Suid-Afrikaanse Polisie (SAP) het Kubheka as 'n senior ANC-lid beskou en haar as die leier van die KwaMashu-tak van die ANC geklassifiseer. In 1987 is Ntombi deur die Port Natal Veiligheidstak ontvoer, ondervra en gemartel. Haar liggaam is naby haar huis noord van Durban gestort. Eers 10 jaar later, tydens 'n WVK-amnestie-aansoek, is haar familie ingelig oor waar Ntombi se oorskot (beendere) begrawe is, en kon hulle uiteindelik vir haar 'n begrafnis en grafsteen reël. Ten tyde van haar dood het Ntombi 'n driejarige dogtertjie gehad. Vandag, op 40-jarige ouderdom, worstel Thuli steeds met die nalatenskap van haar moeder, en hoe moeilik haar lewe sonder 'n moederfiguur was. Sy woon tans in 'n agterkamer in KwaMashu saam met haar tienjarige dogter, Zizipho en wonder (dink daaroor) of haar moeder se dood tevergeefs was. 'n Geregtelike ondersoek na Ntombi se dood is in 2022 geopen. Tydens die verfilming van die dokumentêr word Thuli gekonfronteer met 'n skokkende gebeurtenis wat weer die *Bones of Memory* oproep.

**[Aangepas uit *https://artfluence.ukzn.ac.za/events/film-screening-ntombikayise-kubheka-the-bones-of-memory/*. Toegang op 19 Desember 2024 verkry.]**

**BRON 2C**

Die onderstaande plakkaat is deur die Universiteit van KwaZulu-Natal gepubliseer en bevat inligting oor die filmvertoning van die verhaal van ANC-aktivis Ntombikayise Kubheka. Die dokumentêr deur Enver Samuel, ’n gerespekteerde filmmaker, fokus op Ntombi se lewe en moord. Die vertoning was geskeduleer vir 3 – 8 Mei 2024.




**[Bron: *https://artfluence.ukzn.ac.za/events/film-screening-ntombikayise-kubheka-the-bones-of-memory/*.Toegang op 21 Desember 2024 verkry.]**

**VERTALING:**

**ARTFLUENCE MENSEREGTEFEES**

**3 – 8 Mei 2024**
**Brûe van Solidariteit**
**Rolprentvertoning:**
Ntombikayise Kubheka – The Bones of Memory
Ntombi, ’n ANC-aktivis, is in 1987 deur die Veiligheidstak ontvoer en vermoor.
Haar dogter, Thuli, nou 40 jaar oud, dink terug aan haar ma se nalatenskap en stryd, en herleef pynlike herinneringe in ’n dokumentêre film wat hierdie verhaal vertel.

**BRON 2D**

Die onderstaande bron is van *Independent Online* (IOL), ’n Suid-Afrikaanse mediaplatform, en is gedateer 1 September 1999. Dit beklemtoon aspekte van ’n dispuut wat tydens die WVK-verhore oor die dood van Ntombi Kubheka ontstaan het.

Nog ’n dispuut het tussen polisielede van die veiligheidstak in Durban, wat amnestie versoek, en die familie van anti-apartheid aktivis, Ntombi Priscilla Kubheka, oor die omstandighede van haar dood, ontstaan. Die polisiebeamptes, onder leiding van Majoor Hendrik Botha, het aan die amnestiekomitee van die Waarheids- en-Versoeningskommissie (WVK), wat in Durban vergader het, gesê dat “sy aan ’n hartaanval dood is, aangesien sy ’n groot vrou en oorgewig was”. Maar die familie, onder leiding van Themba Kubheka, Suid-Afrikaanse ambassadeur in Denemarke, beweer dat die polisie haar in die kop geskiet het voordat hulle haar liggaam gestort het. Haar liggaam is in Mei 1997 by Groutville naby KwaDukuza opgegrawe. Sy is in 1987 op die ouderdom van 41 jaar oorlede.

In sy getuienis het Botha volgehou dat Kubheka nooit geskiet is nie, maar aan ’n hartaanval gesterf het. Die Kubheka-familie, verteenwoordig deur prokureur John Wills, het verklaar dat ’n koeëlgat in haar skedel gevind is toe haar liggaam opgegrawe is. Die polisiebeamptes beweer egter dat die verkeerde liggaam opgegrawe is – ’n bewering wat deur die familie sterk betwis word, en hulle voer aan dat hulle bewyse het wat bevestig dat die oorskot wel dié van Kubheka is.

Twee *askaris* (ANC-aktiviste wat as staatsinformante gewerk het), Sersante Simon Radebe en Jimmy Mbane, het volgens die WVK met Kubheka se moord gehelp. Die twee askaris het voorgegee dat hulle MK-lede is en het aangebied om aktiviste van Swaziland te akkommodeer. Hulle het Kubheka in ’n lokval gelei wat tot haar arrestasie en uiteindelike dood aan die hande van Botha en sy span gelei het.

Die polisie het inligting probeer bekom oor die aankoms van vier MK-lede uit Swaziland. Toe die aktiviste na ses weke nog nie opgedaag het nie, ondanks die inligting deur Mbane verskaf, het Botha opdrag gegee dat Kubheka gearresteer word. Sy is by ’n skietbaan in Winkelspruit naby Amanzimtoti doodgemaak.

**[Aangepas uit *https://www.iol.co.za/news/south-africa/trc-dispute-over-mk-members-death-10790.* Toegang op 22 Desember 2024 verkry.]**

**VRAAG 3: HOE BEÏNVLOED INTERNASIONALE E-HANDELSREUSE (MAATSKAPPYE) DIE KLEINHANDELBEDRYF IN SUID-AFRIKA IN DIE 21STE EEU?**

**BRON 3A**

Die onderstaande bron is geneem uit ’n artikel getiteld *Battling the Giants: How South African retailers can compete with Temu and Shein*. Dit beklemtoon die uitdagings en geleenthede wat hierdie aanlynwinkels vir die Suid-Afrikaanse kleinhandelbedryf inhou.

In onlangse jare het Suid-Afrikaanse kleinhandelaars 'n ongekende uitdaging in die gesig gestaar. Aanlynhandelsreuse soos Temu en Shein het die mark bestorm en die plaaslike kleinhandellandskap ontwrig, wat ernstige bedreigings vir plaaslike ondernemings inhou. Namate besigheidsvertroue wankel (verander) te midde van ekonomiese onsekerheid, is die druk op plaaslike kleinhandelaars, veral in die kleresektor, duidelik sigbaar. Hierdie internasionale e-handelskolosse (groot maatskappye) is nie net mededingers nie – hulle is ’n dreigende gevaar vir die voortbestaan van geliefde plaaslike handelsmerke. Met elke klik en aanlyn aankoop was die risiko's vir Suid-Afrikaanse kleinhandelaars nog nooit so hoog nie. Temu en Shein het ’n groot deel van die mark oorgeneem deur bekostigbare en modieuse klere aan te bied, dikwels teen pryse wat plaaslike kleinhandelaars moeilik kan ewenaar. Hulle vermoë om gebruik te maak van skuiwergate in die Suid-Afrikaanse belastingstelsel, het hulle in staat gestel om produkte teen laer pryse aan te bied en so 'n onewe mededingingsveld geskep. Hierdie mededingende voordeel was ’n kritiese faktor in hul vinnige groei en gewildheid onder Suid-Afrikaanse verbruikers.

Om hierdie wanbalans aan te spreek, is die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) gereed om nuwe belastingregulasies vanaf 1 Julie 2024 in werking te stel. Hierdie veranderinge sal 'n invoerbelasting van 45% plus BTW op alle klerasiebesendings instel, wat die belastingskuiwergat wat Temu en Shein tot dusver uitgebuit het, sluit. Hierdie stap poog om die speelveld vir plaaslike kleinhandelaars wat tot dusver deur die bestaande belastingstrukture benadeel is, gelyk te maak. Michael Lawrence, uitvoerende direkteur van die *National Clothing Retail Federation*, beklemtoon dat die nuwe belastings die plaaslike vervaardigingsektor sal bevoordeel. Lawrence wys daarop dat hoewel verbruikers hoër koste sal ervaar, die langtermynvoordele meer robuuste (gesonde) plaaslike ondernemings en groter werksekerheid.

**[Bron: *https://hugeconnect.co.za/2024/06/20/battling-the-giants-how-south-african-retailers-can-compete-with-temu-and-shein-2/*. Toegang op 18 Desember 2024 verkry.]**

**BRON 3B**

Die onderstaande uittreksel, getiteld *Shein and Temu threatens South African jobs* (Shein en Temu bedreig Suid-Afrikaanse werksgeleenthede*),* beklemtoon die ongelykhede wat deur aanlynwinkels in die Suid-Afrikaanse ekonomie veroorsaak word, asook die skadelike uitwerking wat hulle op plaaslike nywerhede en werksgeleenthede het.

Naspers ('n Suid-Afrikaanse multinasionale maatskappy) wat die Takealot-groep besit, het Maandag gesê dat laekoste Chinese mode- en algemene handelsware aanlynhandelaars, Shein en Temu voordeel uit skuiwergate om Suid-Afrikaanse e-handelsmaatskappye onbillik te ondermyn, getrek het. In aantekeninge wat Naspers se jaarlikse finansiële verslag vir die jaar geëindig op 31 Maart 2024 vergesel het, het Takealot Shein en Temu – en soortgelyke platforms – daarvan beskuldig dat hulle Suid-Afrika se "herindustrialiserings- en lokaliseringspogings" bedreig.

"Hierdie platforms dra by tot 'n markwanbalans deur die mark met goedkoop invoere te oorstroom. Hierdie influks (instroming) is veral opvallend in die plaaslike kleresektor as gevolg van Shein, en in die breër algemene handelswaremark as gevolg van beide Shein en Temu beïnvloed. Hierdie tendense stel ernstige uitdagings vir die ontwikkeling en volhoubaarheid van plaaslike nywerhede."

Hierdie scenario bedreig die lewenskragtigheid (sterkte) van die plaaslike ekonomie en ondermyn volhoubare ontwikkelingspogings. "Hierdie vorm van handel haal waarde uit Suid-Afrikaanse verbruikers sonder om iets terug te gee aan plaaslike gemeenskappe, wat uiteindelik klein ondernemings, plaaslike vervaardigers en die beperkte werksgeleenthede wat beskikbaar is, benadeel." Takealot het die maatskappye daarvan beskuldig dat hulle "verouderde regulasies en skuiwergate uitbuit deur versendingsmetodes te gebruik wat hulle toelaat om produkte teen buitengewone lae pryse aan te bied, terwyl hulle invoerbelasting, belasting en ander regeringsfooie wat op konvensionele kleinhandelaars van toepassing is, vermy." "Ons werk nou saam met SAID en die doeane om te verseker dat ons op 'n gelyke speelveld opereer," het Anthony Thunström, uitvoerende hoof van TFG (eienaar van handelsmerke soos Foschini en Bash), gesê. Oor die afgelope paar maande was daar beduidend beter afdwinging van regulasies deur SAID en die doeane. "Almal moet nou volle doeanebelasting en volle BTW betaal," het die uittredende minister van handel, Ebrahim Patel, volgens 'n berig in die *Sunday Times* vroeër in Junie gesê. "Dit verseker dat Suid-Afrika nie armer gelaat word weens enige gapings in ons reguleringsomgewing (administratiewe) nie."

**[Aangepas uit *https://techcentral.co.za/shein-and-temu-threaten-jobs-takealot/246823/*. Toegang op 17 Desember 2024 verkry.]**

**BRON 3C**

Die onderstaande foto is uit 'n navorsingsartikel geneem wat vir *Tearfund*, 'n humanitêre organisasie gebaseer in Nieu-Seeland, opgestel is. Dit beklemtoon die enorme druk wat op fabrieke geplaas word om klere teen laer koste en vinniger te vervaardig, asook die negatiewe impak wat dit op die werkers het.




**[Bron: *https://www.tearfund.org.nz/Get-Involved/The-Dark-Side-of-Our-Love-Affair-with-Temu-and-Ultra-Fast-Fashion*. Toegang op 11 Desember 2024 verkry.]**

**Die Donker Kant van ons Liefdesverhouding met Temu en Ultra-vinnige Mode**

**BRON 3D**

Die onderstaande bron lig Suid-Afrikaanse verbruikers se bekommernisse oor die tariefverhogings op aankope van Shein en Temu uit. Dit beklemtoon ook die positiewe impak wat Temu en Shein op gewone Suid-Afrikaners het.

Duisende mense het ’n petisie onderteken wat die Suid-Afrikaanse Inkomstediens se besluit om ’n skuiwergat in die tarief op ingevoerde klere van winkels soos Shein en Temu te sluit, teenstaan. Voor 1 November moes invoerders ’n 45%-invoertarief op klere met ’n waarde van meer as R500, sowel as BTW betaal. Maar daar was ’n “konsessie” op goedere met ’n waarde van minder as R500 toegepas, waar invoerders slegs ’n vaste koers van 20% en geen BTW betaal het nie. Volgens Simon Eppel, beleids- en navorsingsdirekteur van die Southern African Clothing and Textile Workers Union (SACTWU), het dit kleinhandelaars soos Shein en Temu in staat gestel om hul produkte goedkoper te verkoop, wat plaaslike kleinhandelaars en plaaslike fabrieke ondermyn het.

Die Suid-Afrikaanse Kleinhandel-Klere, Tekstiel, Skoene en Leer Meesterplan, wat in 2019 van stapel gestuur is, is ontwerp om plaaslike fabrieke te versterk en werksgeleenthede in die bedryf te vermeerder. Volgens Eppel is meer as 20 000 poste geskep, en daar was ’n styging van byna 60% in plaaslik vervaardigde klere, bykomstighede en skoene. Die Meesterplan sluit ook maatreëls in om doeanebedrog te verminder, wat volgens Eppel een van die grootste uitdagings is wat klerevervaardigers in die gesig staar. Goedere word verkeerd geklassifiseer of ondergewaardeer om tariewe (kostes) te vermy en dan teen kunsmatig (lae) pryse verkoop, wat plaaslike fabrieke ondergrawe (ondermyn).

Maar volgens Zakhele Mthembu, beleidsbeampte van die Free Market Foundation, sal mense wat afhanklik is van goedkoop klere, nie meer dié produkte kan bekostig nie. “Die regering, na druk van plaaslike besighede, het die voorneme om invoere duurder te maak sodat verbruikers eerder die reeds duur klere by plaaslike kleinhandelaars sal koop,” het Mthembu aan *GroundUp* gesê. Meer as 24 000 mense het ’n petisie op *change.org* onderteken wat SAID versoek om nie met die verandering voort te gaan nie. “Suid-Afrikaners kan dit nie bekostig nie; ons koop van Shein en Temu omdat ons nie klere van plaaslike besighede kan bekostig nie, die doel van Shein en Temu is bekostigbaarheid,” lui die petisie.

**[Aangepas uit *https://groundup.org.za/article/tariffs-on-shein-and-temu-cheaper-clothes-versus-saving-jobs/*. Toegang op 10 Desember 2024 verkry.]**

**ERKENNINGS**

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

Fernandes MFG. *Beyond borders: A transnational history of the black sash and FEDSAW, 1952 – 1962*. Brunel University London

*Rheian D . Socialist Lawyer: The Black Sash Movement.* February 2016. Pluto Journals pp. 42 – 43. 10.13169/socialistlawyer.72.0042

*https://www.natalia.org.za/Files/Publications/Black%20Sash%20book.pdf.*

*https://www.sahistory.org.za/article/black-sash-history-transformation*

*https://www.news24.com/citypress/voices/trc-28-years-later-no-truth-no-reconciliation-20241103.*

*https://artfluence.ukzn.ac.za/events/film-screening-ntombikayise-kubheka-the-bones-of-memory/*

*https://artfluence.ukzn.ac.za/events/film-screening-ntombikayise-kubheka-the-bones-of-memory/*

*https://www.iol.co.za/news/south-africa/trc-dispute-over-mk-members-death-10790*

*https://hugeconnect.co.za/2024/06/20/battling-the-giants-how-south-african-retailers-can-compete-with-temu-and-shein-2/*

*https://techcentral.co.za/shein-and-temu-threaten-jobs-takealot/246823/*

*https://www.tearfund.org.nz/Get-Involved/The-Dark-Side-of-Our-Love-Affair-with-Temu-and-Ultra-Fast-Fashion*

*https://groundup.org.za/article/tariffs-on-shein-and-temu-cheaper-clothes-versus-saving-jobs/*

**EINDE**

**VRAAG 3: HOE BEÏNVLOED INTERNASIONALE E-HANDELSREUSE (MAATSKAPPYE) DIE KLEINHANDELSBEDRYF IN SUID-AFRIKA IN DIE 21$^{STE}$ EEU?**

Bestudeer Bronne 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 Waarom, volgens die bron, het die Suid-Afrikaanse kleinhandelsbedryf die afgelope jare uitdagings in die gesig gestaar? (1 x 2) (2)

3.1.2 Identifiseer TWEE internasionale e-handelsmaatskappye wat in die bron genoem word. (2 x 1) (2)

3.1.3 Verduidelik in jou eie woorde hoekom e-handelsmaatskappye 'n "dreigende gevaar vir die voortbestaan van plaaslike handelsmerke" is. (1 x 2) (2)

3.1.4 Haal die maatreëls uit die bron aan wat die Suid-Afrikaanse Inkomstediens in werking gaan stel om die wanbalans in die kleinhandelsbedryf aan te spreek. (1 x 2) (2)

3.1.5 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoe die nuwe belastingsinisiatiewe die Suid-Afrikaanse kleinhandelsbedryf sal bevoordeel. (1 x 2) (2)

3.2 Lees Bron 3B.

3.2.1 Noem die Suid-Afrikaanse multinasionale groep wat in die bron genoem word. (1 x 1) (1)

3.2.2 Definieer die term *herindustrialisering* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.2.3 Lewer kommentaar oor die belangrikheid van die stelling, "Hierdie scenario bedreig die lewenskragtigheid (sterkte) van die plaaslike ekonomie en ondermyn volhoubare ontwikkelingspogings". (2 x 2) (4)

3.2.4 Watter TWEE handelsmerke word, volgens die bron, deur die TFG-groep besit? (2 x 1) (2)

3.3 Verwys na Bronne 3A en 3B. Verduidelik hoe die inligting in Bron 3B die bewyse in Bron 3A ondersteun, rakende die negatiewe impak van internasionale aanlynwinkels op die plaaslike kleinhandelsbedryf. (2 x 2) (4)

3.4 Raadpleeg Bron 3C.

3.4.1 Hoekom, dink jy, is hierdie foto geneem? (2 x 2) (4)

3.4.2 Lewer kommentaar oor die betekenis van die slagspreuk, "Die donker kant van ons liefdesverhouding met Temu en Ultra-vinnige Mode". (1 x 2) (2)

3.4.3 Verduidelik die beperkings van die bron vir 'n navorser wat die uitbuiting van werkers in die fabrieke wat die kitsmode-industrie voorsien, bestudeer. (2 x 2) (4)

3.5 Lees Bron 3D.

3.5.1 Identifiseer die vakbond wat in die bron genoem word. (1 x 1) (1)

3.5.2 Verduidelik die konsep *petisie* in die konteks van tariefverhogings op Shein- en Temu-aankope. (1 x 2) (2)

3.5.3 Watter inisiatief is, volgens die bron, in 2019 van stapel gestuur om plaaslike fabrieke te versterk en werksgeleenthede in die kleinhandelsbedryf te vergroot. (1 x 2) (2)

3.5.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoe Suid-Afrika se Kleinhandel-Klere-, Tekstiel-, Skoene- en Leer Meesterplan die plaaslike kleinhandelsbedryf versterk het. (2 x 2) (4)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf ’n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe internasionale e-handelsreuse (maatskappye) die kleinhandelsbedryf in Suid-Afrika in die 21$^{ste}$ eeu beïnvloed. (8)

**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling.

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

### VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA – DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

Bespreek krities hoe Steve Biko en die Swartbewussynsbeweging swart mense bemagtig het om vir hulself teen die apartheidsregime in die 1960's en 1970's op te staan.

Motiveer jou argument met relevante bewyse. **[50]**

### VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

Verduidelik tot watter mate die pad na demokrasie gekenmerk is deur 'n kombinasie van uitdagende omstandighede wat uiteindelik tot 'n onderhandelde skikking in Suid-Afrika in 1994 gelei het.

Gebruik relevante historiese bewyse om jou argument te staaf. **[50]**

### VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN ’N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

Die ineenstorting van die Sowjetunie in 1989 het as 'n groot katalisator (vonk) gedien vir die politieke oorgang wat in die 1990's in Suid-Afrika plaasgevind het.

Stem jy saam met hierdie stelling? Gebruik relevante historiese bewyse om jou argument te ondersteun. **[50]**

**TOTAAL: 150**

**EINDE**

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# VOORBEREIDENDE EKSAMEN

# 2025

# NASIENRIGLYNE

**GESKIEDENIS (VRAESTEL 2) (10792)**

**26 bladsye**

Testpapers.co.za Testquestions.co.za

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

### 1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

| Kognitiewe vlakke | Historiese vaardighede | Gewig van vrae |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne<br>• Seleksie en organisering van relevante inligting uit bronne<br>• Definieer historiese konsepte/terme | **30%<br>(15)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne<br>• Verduidelik inligting uit bronne<br>• Analiseer bewyse uit bronne | **40%<br>(20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne<br>• Raak betrokke by bronne om die bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings | **30%<br>(15)** |

### 1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argumente, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyne word aan die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.

### 1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae:

- Gebruik ŉ regmerkie (✓) vir elke korrekte antwoord.
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en twee punte elk word toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte word toegeken word (✓✓).
- Indien ŉ vraag 4 punte tel, word 4 regmerkies (✓✓✓✓) aangedui.

**Paragraafvraag**

Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer ŉ antwoord op ŉ paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas ŉ kolpunt (.) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waartoe die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.
- Maak regmerkies (✓) wat aan die kandidaat vir die paragraaf toegeken is aan die einde van die paragraaf; dui ook die vlak (1, 2 of 3) aan soos aangedui in die holistiese rubriek en lewer kort kommentaar, bv.

_______________• __________________________• ______________________

__________________________________________• _______________ ✓✓✓✓

VLAK 2 = 4

Gebruik meestal relevante bewyse om ŉ basiese paragraaf te skryf.

- Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae bymekaar en skryf dan die punt in die kantlyn regs onder, bv. $\frac{32}{50}$
- Maak seker dat die totale punt akkuraat op die buiteblad van die antwoordskrif oorgedra word.

**2. OPSTELVRAE**

**2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:**

In staat sal wees om hul argument op ŉ logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om ŉ redelike reeks feite of ŉ effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat ŉ opstel ŉ inleiding, ŉ samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en ŉ slot het.

**2.2 Nasien van opstelvrae**

- Nasieners moet daarvan bewus wees dat die inhoud van die antwoord deur die nasienriglyne gelei moet word.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by ŉ riglyn vir die nasien van ŉ spesifieke opstel.

## 2.3 Globale assessering van die opstel

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die opstel as ŉ geheel sal bepunt sonder om die hoofpunte afsonderlik te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om ŉ oorspronklike argument aan te bied deur relevante bewyse te gebruik om ŉ argument te ondersteun. Daar sal **nie** van die leerder verwag word om slegs inhoud (feite) neer te skryf om ŉ vlak 7 (hoë punt) te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ontmoedig om opstelle voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Die holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die leerder se interpretasie van die vraag
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse (relevante inhoudseleksie)
- Die konstruksie/daarstelling van ŉ argument (beplan, gestruktureer en ŉ onafhanklike argument)

## 2.4 Assesseringsprosedures van die opstel

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word.

2.4.2 Tydens die deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir ŉ relevante inleiding (aangedui met ŉ kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne), vir elke hoofaspek/liggaam van die opstel wat die argument ondersteun (aangedui met ŉ kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne) en ŉ relevante slotopmerking (aangedui met ŉ kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne), bv. in ŉ opstel waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die **PEEL**-struktuur in gedagte by die assessering van ŉ opstel.

| | |
|---|---|
| **P** | **Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met ŉ argument/ŉ duidelike hoofpunt.<br>Elke paragraaf moet ŉ punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun. |
| **E** | **Verduideliking:** Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is. |
| **E** | **Voorbeeld:** Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevante voorbeelde moet gegee word om die argument te ondersteun. |
| **L** | **Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is. |

2.4.4 Die volgende simbole **MOET** gebruik word in die assessering van 'n opstel:

| | |
|---|---|
| • Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie | **^** |
| | ________________ |
| • Verkeerde stelling | **\|** |
| • Irrelevante stelling | **\|** |
| | **\|** |
| • Herhaling | **R** |
| • Analise | **A** ✓ |
| • Interpretasie | **\|** ✓ |
| • Argument | **LOA** ↕ |

## 2.5 Die matriks

Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle:

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is en om die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| **I** | **VLAK 4** | |
|---|---|---|
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| **I** | **VLAK 4** | |
|---|---|---|
| **A** | **VLAK 3** | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met die gebruik van die matriks.

| **I** | **VLAK 4** | **26 – 27** |
|---|---|---|
| **A** | **VLAK 3** | |

**OPMERKING**
Sommige weglatings in die inhoudsdekking
Pogings om 'n argument te handhaaf

## GLOBALE ASSESSERING VAN OPSTELLE: TOTALE PUNTE – 50

| AANBIEDING → INHOUD ↓ | VLAK 7 | VLAK 6 | VLAK 5 | VLAK 4 | VLAK 3 | VLAK 2 | VLAK 1* |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | Goed beplande en gestruktureerde opstel.<br><br>Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou.<br><br>Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
| **VLAK 7**<br>Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is. | **47 – 50** | **43 – 46** | | | | | |
| **VLAK 6**<br>Vraag is beantwoord. Inhoudskeuse relevant tot argument wat gevolg is | **43 – 46** | **40 – 42** | **38 – 39** | | | | |
| **VLAK 5**<br>Vraag is grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant. | **38 – 39** | **36 – 37** | **34 – 35** | **30 – 33** | **28 – 29** | | |
| **VLAK 4**<br>Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | **30 – 33** | **28 – 29** | **26 – 27** | | |
| **VLAK 3**<br>Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | **26 – 27** | **24 – 25** | **20 – 23** | |
| **VLAK 2**<br>Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | **20 – 23** | **18 – 19** | **14 – 17** |
| **VLAK 1***<br>Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | **14 – 17** | **0 – 13** |

### Riglyne vir die toekenning van 'n punt vir Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Inhoudseleksie sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1 – 6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord; minimale poging om die opstel te struktureer = 7 – 13

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

## VRAAG 1: HOE HET DIE BLACK SASH DIE APARTHEIDSREGIME IN DIE 1980's UITGEDAAG?

1.1 1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
19 Mei 1955 (1 x 1) (1)

1.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- Jean Sinclair
- Ruth Foley
- Elizabeth McLaren
- Tertia Pybus
- Jean Bosazza
- Helen Newton-Thompson (Enige 2 x 1) (2)

1.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A-V1]*
- veldtog teen die verwydering van gemengde ras kiesers (bekend as 'kleurlinge' in Suid-Afrika) van die kieserslys in die Kaapprovinsie gevoer
- as 'n teken van rou oor die dood van die Suid-Afrikaanse grondwet aangeneem, aangesien die apartheidsregering in al hoe meer aspekte van die samelewing begin ingryp het.

(Enige 1 x 1) (1)

1.1.4 *[Definisie van 'n term uit Bron 1A – V1]*
- Stel wette/reëls wat gebruik word om 'n land te regeer

Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

1.1.5 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- ...gereeld nagwake (stil waarnemings) buite die parlement gehou

(1 x 2) (2)

1.1.6 *[Interpretasie van inligting in Bron 1A – V2]*
- Beperk die beweging van swartes
- Paswette het die lewens van swartes bemoeilik
- As hulle nie die pas by hulle gehad het nie, is hulle gearresteer/Dit het swartes soos uitgeworpenes/misdadigers behandel.
- Dit was steeds moeilik vir hulle om vir 'n pasboek aansoek te doen.
- Dit het Swartes se basiese reg om by hul familie te woon, uitgedaag.

Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.2 Gebruik Bron 1B.

1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- African National Congress Women's League (ANCWL)
- Cape Association to Abolish Passes for African Women (CATAPAW) (2 x 1) (2)

1.2.2 *[Interpretasie van inligting in Bron 1B – V2]*
- Baie Afrikane is gearresteer vir oortredings van die paswette en het dus verteenwoordiging benodig.
- Die regering het meer onderdrukkende taktieke gebruik om die beweging van Afrikane te beperk en die paswette af te dwing.

Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

1.2.3 *[Verduideliking van historiese konsep uit Bron 1B – V2]*
- Vorm van stille, nie-gewelddadige protes wat deur Black Sash-lede tydens die apartheidsjare gebruik is
- Toe Black Sash stilswyend buite die parlement gestaan het as 'n manier om apartheidswetgewing te verwerp
- Toe lede van die Black Sash op 'n gereelde basis alleen buite die parlement en ander regeringskantore gestaan het as 'n manier om hul afkeur van die apartheidswette te toon
- Lede van die Black Sash het vreedsaam in howe gesit om hul ontevredenheid oor die vervolging van paswet-oortreders uit te spreek.

Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.2.4 *[Interpretasie van inligting in Bron 1B – V2]*
- Die Black Sash het die pyn wat swart mense tydens Apartheid ervaar het, blootgelê.
- Betogings wat deur Black Sash georganiseer is, het aan die lig gebring hoe swart, bruin en Indiër (nie-wit) mense weens apartheidswette gely het.
- Black Sash het die menseregte van swart, bruin en Indiër (nie-wit) mense bevorder.
- Die Black Sash-vroue wat in die howe teenwoordig was, het beter insig gekry oor die uitdagings wat swartes in die gesig gestaar het.

Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.3 Verwys na Bron 1C.

1.3.1 *[Interpretasie van inligting in Bron 1C – V2]*

- Om te wys dat die Black Sash vir nie-geweld gestaan het/vreedsaam geprotesteer het
- Om die dapperheid te wys van die lede/wit vroue van Black Sash wat apartheid/hul eie regering uitdaag
- Om te wys dat sommige wit mense teen apartheid was
- Om te beklemtoon dat lede van Black Sash opgestaan het vir hul oortuigings deur die gesag van die apartheidsregime uit te daag

Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

1.3.2 *[Evaluering van die bruikbaarheid van Bron 1C – V3]*

**Die bron is bruikbaar want:**

- Die foto is geneem op 21 September 1989 gedurende die 'Standing for Truth Campaign'
- Dit is 'n primêre bron, 'n foto wat wys hoe die Black Sash teen die apartheidsregering betoog.
- Dit wys dat die Black Sash vreedsaam teen onregverdige wette geprotesteer het.

Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.4 *[Vergelyking van bewyse uit Bronne 1B en 1C – V3]*

- In Bron 1B word genoem dat die lede deelgeneem het aan sitstakings in howe as 'n vorm van vreedsame protes en Bron 1C toon dat die lede vreedsame protesmetodes ondersteun/Beide bronne toon dat die Black Sash apartheid deur vreedsame protes teengestaan het.
- Dit word in Bron 1B genoem dat die Black Sash saam met vroue van die ANCWL en CATAPAW gewerk het, en Bron 1C wys vroue uit verskillende rassegroepe wat vreedsaam teen apartheid se ongeregtighede protesteer.

Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.5 Raadpleeg Bron 1D.

1.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*

- wat protes tot slegs een persoon buite die parlement beperk het

(1 x 1) (1)

1.5.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D-V1]*

- hulle 'n massaweerstand in die Groentemarkplein gehou het

(1 x 1) (1)

1.5.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D-V1]*

- Daar is egter slegs foto's en vingerafdrukke geneem, waarna hulle op hul eie borg (eie belofte) vrygelaat is.
- hulle dikwels beter behandeling as gevolg van hul wit velkleur ontvang het

(Enige 1 x 2) (2)

1.5.4 *[Interpretasie van inligting in Bron 1D – V2]*

- Die Black Sash het die apartheidsregering uitgedaag toe dit moeilik was weens onderdrukking en verbannings/dit het lede van verbode organisasies tydens onderdrukking ondersteun
- Dit het getoon dat weerstand teen apartheid nie net tot swart Suid-Afrikaners beperk was nie
- Dit het die belangrikheid van veelrassige solidariteit in die stryd vir geregtigheid en gelykheid beklemtoon.
- Die Black Sash het onvermoeid geveg teen onreg en ongelykheid in Suid-Afrika
- Wit vroue het hul wit bevoorregting opgeoffer en apartheid teengestaan toe dit nie mode was om dit te doen nie
- Die Black Sash het Mandela se oortuiging bewys dat niemand gebore is om die ander persoon te haat nie/ nie alle wit mense was rassiste nie

Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

- Die Black Sash het hom beywer teen die verwydering van bruin kiesers (Bron 1A)
- Die Black Sash het gereelde nagwake buite regeringsgeboue gehou (Bron 1A)
- Advieskantore geskep om die swart bevolkingslede wat in die moeilikheid met apartheidswette was te help (Bronne 1A & 1B)
- Black Sash het slagoffers van gedwonge verwyderings gehelp (Bron 1B)
- • Die Black Sash het die media gebruik om swart Suid-Afrikaners op te voed oor die ongeregtighede van Apartheid / om die ongeregtighede van Apartheid bloot te lê (Bron 1B)
- Black Sash het saam met ander anti-apartheidsbewegings gewerk. ANCYLWL; CATAPOW; ECC; MDM (Bron 1B)
- Het sitstakings georganiseerde in die kommissiehowe (Bron 1B)
- Ondersteun vreedsame verset (Bron 1C)
- Hulle het gevra vir die beëindiging van verpligte diensplig (eie kennis)
- Black Sash het apartheid teengestaan deur op 'n gereelde basis buite die parlement en ander regeringskantore te staan (Bron 1D)
- Black Sash het aktief gebly tot die einde van Apartheid, het ook aan die versoeningsgesprekke deelgeneem (Bron 1D)
- Die Black Sash het vreedsame betogings, petisies en regsaksies gebruik om apartheidswette en -beleide uit te daag (eie kennis).
- Hulle het ondersteuning verleen aan slagoffers van apartheid (eie kennis)
- Hulle het swart Suid-Afrikaners gehelp om die regstelsel te navigeer en welsynsbystand te verskaf (eie kennis)
- Black Sash se aktivisme het internasionale aandag gevestig op die ongeregtighede van apartheid (eie kennis)

Enige ander relevante antwoord (8)

**[50]**

**Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse, bv. toon geen of min begrip van **hoe die Black Sash apartheidsregime in die 1980's uitgedaag het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie | **PUNTE 0-2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon 'n mate van begrip van hoe die Black Sash apartheidsregime in die 1980's uitgedaag het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n baie basiese manier om 'n paragraaf te skryf | **PUNTE 3-5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. demonstreer **'n deeglike begrip van hoe die Black Sash apartheidsregime in die 1980's uitgedaag het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat 'n begrip van die onderwerp toon | **PUNTE 6-8** |

**VRAAG 2: WAS DIE WAARHEIDS- EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) IN STAAT OM VIR SWART SUID-AFRIKAANSE FAMILIES VAN VERMOORDE ANTI-APARTHEIDSAKTIVISTE SOOS NTOMBI KUBHEKA IN DIE 1980's GENESING BRING?**

2.1 2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*

- 16 April 1996 (1 x 1) (1)

2.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*

- dat die waarheid oor hoe apartheidspolisie hul geliefdes genadeloos gemartel en vermoor het, uiteindelik sou uitkom (1 x 2) (2)

2.1.3 *[Definisie van 'n term uit Bron 2A – V1]*

- Proses om iemand te vergewe wat 'n polities gemotiveerde misdaad gepleeg het.
- Om iemand nie te straf wat skuldig is aan politieke misdade/menseregteskendings nie
- Amptelike kwytskelding of vergifnis van 'n oortreder wat volle openbaarmaking gelewer het van misdade wat in die verlede gepleeg is.

Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*

- Richard Motasi
- Irene Motasi
- Ntombi Kubheka
- Matthews Mabalane
- Phila Ndwande (Enige 3 x 1) (3)

2.1.5 *[Interpretasie van inligting in Bron 2A – V2]*

- Daar is van oortreders vereis om volledige openbaarmaking te lewer (die waarheid te vertel)/geen inligting (vir families/slagoffers) te verberg van polities gemotiveerde misdade wat tydens apartheid gepleeg is.
- Genesing kon slegs deur slagoffers en families bereik word indien die volle waarheid geopenbaar is sodat versoening kon plaasvind.

Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.2 2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*

- Umkhonto weSizwe/ MK (1 x 2) (2)

2.2.2 *[Interpretasie van inligting in Bron 2B – V2]*

- Ntombi is as 'n bedreiging vir die apartheidstaat beskou.
- Sy is gesien as 'n leierskapfiguur in die ANC/MK en aandadig aan die geweld in die land.
- Beskou as 'n politieke bedreiging wat beplan het om die NP-regering omver te werp wat gestuit moes word.
- Die veiligheidspolisie het gehoop om inligting van haar te kry oor die ANC/MK-ondergrondse aktiwiteite

Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.2.3 *[Interpretasie van inligting in Bron 2B – V2]*
- Om haar oorskot nader aan die huis te bring
- Vind genesing/afsluiting
- Om haar 'n waardige laaste afskeid te gee /ordentlike begrafnis te gee
- Om erkenning te gee aan haar rol as 'n anti-apartheidsaktivis

Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.2.4 *[Interpretasie van inligting in Bron 2B – V2]*
- Uit die dokumentêr het Thuli uiteindelik die waarheid leer ken oor wat met haar ma gebeur het.
- Dit het haar meer as 3 dekades later gehelp om genesing te vind
- Die storie het haar gehelp om meer uit te vind oor haar ma se aktivisme/rol as anti-apartheidsaktivis.
- Sy was geskok oor die brutaliteit van die veiligheidspolisie
- Sy het 'n ware verhaal oor haar ma nodig gehad om met haar eie dogter te deel
- Die oorvertelling van die verhaal het ou wonde oopgemaak

Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.3 2.3.1 *[Interpretasie van inligting in Bron 2C – V2]*
- Om die publiek in te lig oor die komende dokumentêr wat die verhaal van die vermoorde politieke aktivis Ntombi Kubheka sal oorvertel
- Om die publiek in te lig/dialoog te skep rondom polisiebrutaliteit en menseregteskendings deur die NP-regering.
- Om die apartheidsregering bloot te stel vir die genadelose maniere waarop politieke aktiviste hanteer is
- Ter herinnering aan onbesonge helde en heldinne
- Verhoog bewustheid van die stryd teen apartheid

Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.3.2 *[Bepaling van die betroubaarheid van Bron 2C – V3]*
- Vervaardig deur gerespekteerde (bekroonde) filmmaker, Enver Samuels
- Dokumentêre is op feite gebaseer/Dokumentêre is nagevors en dus feitelik
- Filmmaker is bekend daarvoor dat hy die minder bekende stories van onbesonge helde en heldinne van die stryd teen apartheid vertel.
- Kan bevestig word met Bronne 2B/2D wat verduidelik hoe Ntombi deur die veiligheidspolisie vermoor is
- Dit is uitgegee deur die Universiteit van Kwazulu-Natal/Plakkaat het ook embleme van bekende instellings bekend vir navorsing (UKZN)
- Plakkaat kan verdere navorsing oor die saak van Ntombi Kubheka aanwakker

Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.4 2.4.1 *[Verduideliking van konsep uit Bron D – V2]*

- 'n Politieke leier/aktivis wat georganiseer/gemobiliseer en deelgeneem het aan weerstand teen die onderdrukking van die swart meerderheid deur die wit minderheid (Nasionale Party) in SA vanaf 1948 – 1994

Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

2.4.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – V1]*

(a) Majoor Hendrik Botha

- aan ’n hartaanval dood is, aangesien sy ’n groot vrou en oorgewig was
- nooit geskiet is nie, maar aan ’n hartaanval gesterf het

(Enige 1 x 2) (2)

(b) Prokureur John Wills

- koeëlgat in haar skedel gevind is (1 x 2) (2)

2.4.3 *[Interpretasie van inligting in Bron 2D – V2]*

- Polisiebeamptes het gelieg om amnestie te kry.
- Hulle was bang om die waarheid te praat.

Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.4.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – V1]*

- "Kubheka in ’n lokval gelei wat tot haar arrestasie en die uiteindelike dood aan die hande van Botha en sy span gelei het" (1 x 2) (2)

2.5 *[Vergelyking van Bronne 2B en 2D om ondersteuning te bepaal – L3]*

- Bron 2B dui daarop dat Ntombi gemartel/doodgemaak/tereggestel is, haar liggaam is naby haar huis deur die Port Natal se Veiligheidstak gestort en Bron 2D bevestig dat die Veiligheidstak betrokke was by haar ontvoering en moord/ Beide bronne bevestig dat die Veiligheidstak betrokke was by haar ontvoering en moord
- Bron 2B verduidelik dat Ntombi ondervra en gemartel is, en Bron 2D suggereer dat die polisie-informante vir Kubheka in ’n lokval gelei het sodat sy gearresteer kon word, waarna sy aan die hande van Botha en sy span gesterf het.
- Die getuienis in Bron 2B impliseer dat Ntombi op ’n grusame wyse doodgemaak is, en Bron 2D noem dat sy deur die veiligheidspolisie in die kop geskiet is.
- Albei bronne erken dat sy deur die veiligheidspolisie in die kop geskiet is

Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.6 *[Interpretasie, sintese en evaluering van bewyse uit relevante bronne – V3*
**Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoord insluit:**

**In staat om genesing vir swart Suid-Afrikaanse gesinne te bring*:***

- Swart Suid-Afrikaners was gevul met hoop dat die WVK-amnestiekomitee die waarheid oor die apartheidspolisie en hul brutaliteit na vore sou bring. (Bron 2A)
- Slagoffers/families, insluitend die familie van Ntombi Kubheka, het gehoop dat hulle uiteindelik die waarheid kon uitvind oor wat met hul geliefdes gebeur het (Bron 2A)
- Die WVK het 'n platform geskep vir swart Suid-Afrikaners om die waarheid oor die moorde op hul geliefdes uit te vind (eie kennis)
- Openbare verhore is oral in die land gehou (eie kennis)
- Oortreders het om amnestie aansoek gedoen en voor die WVK-amnestiekomitee getuig (Bron 2B en 2D)
- Die WVK het onthul dat Ntombi deur die veiligheidspolisie ontvoer en vermoor en begrawe is (Bron 2B en 2C)
- Die gesin kon toegang tot haar oorskot kry en Ntombi 'n ordentlike begrafnis gee en 'n grafsteen oprig. (Bron 2B)
- ’n Dokumentêre program is ter ere van haar vervaardig om haar lewe en rol te vier (Bron 2C)
- Dit het ’n mate van genesing gebring aangesien daar nie meer twyfel was oor waar haar oorskot was nie
- (Bron 2D)
- Haar graf sal 'n monument vir die familie wees ter erkenning van haar dapperheid (eie kennis)

Enige ander relevante antwoord.

**OF**

**Nie in staat om afsluiting vir swart Suid-Afrikaanse gesinne te bring nie:**

- In baie gevalle het oortreders gelieg om amnestie te kry (eie kennis)
- Ander het geweier om te getuig nadat hulle 'n dagvaarding van die WVK ontvang het (eie kennis)
- Baie het gesterf met die geheime oor hul menseregteskendings steeds verborge (eie kennis)
- Baie gesinne kon nie genesing vind nie, aangesien hulle steeds gehoop het op geregtigheid, bv. Motatsi, Kubheka, Mabalane en Ndwandwe (Bron 2A)
- Thuli worstel steeds met wat haar ma, Ntombi Kubheka, deurgemaak het en hoe moeilik die lewe sonder 'n ma vir haar was (Bron 2B)
- Die verfilming van haar ma se dokumentêre program het ou wonde oopgemaak (Bron 2B)
- Dit is eers 10 jaar later onthul dat Ntombi Kubheka gearresteer, gemartel en wreed deur veiligheidspolisie geskiet is voor haar liggaam weggegooi is (Bron 2D)
- Tydens die aansoek om amnestie het veiligheidspolisie gejok oor die oorsaak van haar dood en beweer dat 'n hartaanval die oorsaak van haar dood was (Bron 2D)
- Die Kubeka-familieprokureur, John Wills, het die bevindings van die veiligheidspolisie betwis (Bron 2D)

- Ntombi se dogter, Thuli, het nie genesing gevind nie en die dokumentêre program oor haar ma se lewe het haar verlange na 'n moederfiguur vererger (eie kennis)
- Dit is te betwyfel of sy ooit genesing gevind het selfs ná die geregtelike doodsondersoek en die dokumentêre uitsending.

Enige ander relevante antwoord (8)

**[50]**

**Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse, bv. toon geen of min begrip oor **of die Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK) in staat was om vir swart Suid-Afrikaanse families genesing vir die moorde op anti-apartheidsaktiviste soos Ntombi Kubheka**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie | **PUNTE 0-2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. toon 'n mate van begrip oor **of die Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK) in staat was om vir swart Suid-Afrikaanse families genesing vir die moorde op anti-apartheidsaktiviste soos Ntombi Kubheka**<br>• Gebruik bewyse op 'n baie basiese manier om 'n paragraaf te skryf | **PUNTE 3-5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. toon 'n deeglike begrip oor **of die Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK) in staat was om vir swart Suid-Afrikaanse families genesing vir die moorde op anti-apartheidsaktiviste soos Ntombi Kubheka**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat 'n begrip van die onderwerp toon. | **PUNTE 6-8** |

**VRAAG 3: HOE BEÏNVLOED INTERNASIONALE E-HANDELSREUSE (MAATSKAPPYE) DIE KLEINHANDELSBEDRYF IN SUID-AFRIKA IN DIE 21STE EEU?**

3.1 3.1.1 [*Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1*]

- Aanlynhandelsreuse soos Temu en Shein het die mark binnegestorm en
- die plaaslike kleinhandelslandskap ontwrig
- ernstige bedreigings vir plaaslike ondernemings inhou. (Enige 1 x 2) (2)

3.1.2 [*Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1*]

- Temu
- Shein (2 x 1) (2)

3.1.3 [*Interpretasie van inligting in Bron 3A – V2]*

- Hulle verskaf goedkoop klere/kleinhandelsprodukte waarmee die plaaslike kleinhandelswinkels nie kan meeding nie
- Die toestroming van klere/produkte vanaf Temu en Shein sal lei tot werksverliese in die plaaslike klere-/kleinhandelbedryf
- Die plaaslike kleinhandelswinkels kan nie meeding met die lae pryse wat lei tot ’n verlies aan wins vir plaaslike kleinhandeslwinkels nie
- Hulle bied meer modieuse klere/'n wye verskeidenheid verskillende style/produkte
- Hierdie platforms bied eenstopinkopies (gerief) wat alles wat 'n verbruiker nodig mag hê op een platform bied

Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

3.1.4 [*Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1*]

- Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) is gereed om nuwe belastingregulasies vanaf 1 Julie 2024 in werking te stel.
- Hierdie veranderinge sal 'n invoerbelasting van 45% plus BTW op alle klerebesendings instel (Enige 1 x 2) (2)

3.1.5 [*Interpretasie van inligting in Bron 3A – V2*]

- Weens verhoogde invoerbelasting sal mense nou meer plaaslik vervaardigde goedere koop wat plaaslike besighede ’n hupstoot sal gee.
- Die belastingsinisiatief sal daartoe lei dat minder mense hul werk in die plaaslike bedryf sal verloor
- Die belastingsinisiatief sal gesonde mededinging in die kleinhandelbedryf ’n hupstoot gee
- Die belastingsinisiatief sal internasionale e-handelswinkels dwing om volle doeaneregte en BTW op hul produkte te betaal

Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

3.2 3.2.1 [*Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1*]
- Takealot-groep (1 x 1) (1)

3.2.2 [*Definisie van 'n term uit Bron 3B – V1*]
- Die proses om nywerhede in 'n land te hervestig/herbou na 'n tydperk van agteruitgang/'n ekonomiese insinking
- 'n Ekonomiese, sosiale en politieke proses wat die organisering van 'n land se hulpbronne behels om ekonomiese groei te bevorder

Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

3.2.3 [*Interpretasie van inligting in Bron 3B – V2*]
- Die instroming van goedkoop goedere in die markte het 'n negatiewe impak op die Suid-Afrikaanse ekonomie/belemmer ekonomiese groei
- Die instroming van goedkoop goedere in die Suid-Afrikaanse markte lei daartoe dat klein ondernemings sluit
- Lei tot die verlies aan inkomste vir baie Suid-Afrikaners en beperkte werksgeleenthede vir die plaaslike bevolking
- Bemoeilik nywerheidsontwikkeling in die kleinhandelbedryf en die skep van werk/ ordentlike werk

Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.2.4 [*Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1*]
- Foschini
- Bash (2 x 1) (2)

3.3 [*Vergelyking van bewyse uit Bron 3A en 3B om hul ooreenkomste vas te stel – V3*]
- Bron 3A beklemtoon dat aanlynwinkels 'n beduidende bedreiging vir plaaslike besighede inhou en Bron 3B noem dat Temu en Shein Suid-Afrika se herindustrialiseringspogings bedreig
- Bron 3A noem dat aanlynwinkels plaaslike handelsmerke vernietig en Bron 3B sê dat die plaaslike klerebedryf ernstige uitdagings van Temu en Shein in die gesig staar.
- Albei bronne beklemtoon die maatreëls wat die SAID ingestel het om te verseker dat die kleinhandelbedryf in Suid-Afrika van die onregverdige mededinging wat deur Temu en Shein gebied word, herstel.

Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.4 3.4.1 [*Interpretasie van inligting in Bron 3C – L2*]
- Om uitbuiting van werkers deur aanlynwinkels/vinnige mode-industrieë soos Temu aan die kaak te stel/veroordeel wat enorme hoeveelhede klere teen uiters lae pryse verkoop
- Om die lot van fabriekswerkers uit te lig wat gedwing word om lang skofte te werk vir baie lae lone (die donker kant van ons liefdesverhouding met Temu)

Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

3.4.2 [*Interpretasie van inligting in Bron 3C – V2*]
- Temu verkoop groot hoeveelhede goedkoop klere aanlyn, maar werkers in hierdie fabrieke werk vir lang ure vir karige lone (agtien ure per week om hul kwotas te bereik)
- Goedkoop pryse dra 'n hoë koste vir die werknemers
- Werkers in hierdie fabrieke word uitgebuit en hul menseregte geskend (gebruik gedwonge Chinese arbeid)

Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

3.4.3 [*Bepaal die beperking van Bron 3C – V3*]
**Die bron is beperk omdat ...**
- dit net die negatiewe kant van Temu uitlig,/Gee die indruk dat net Temu werkers uitbuit. (die Donker kant van Temu)
- dit 'n eensydige siening uitbeeld van die werkstoestand van werkers in Temu-fabrieke.
- dit emosionele taal gebruik 'Ons liefdesverhouding met Temu**'**.
- Die foto wys net een werker en dui nie die volle omvang van die uitbuiting nie.

Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.5 3.5.1 [*Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1*]
- South African Clothing and Textile Workers' Union/ SACTWU (1 x 1) (1)

3.5.2 [*Verduideliking van 'n konsep uit Bron 3D – V2*]
- 'n Formele skriftelike versoek wat deur baie mense onderteken is om nie 'n tariefverhoging van 45% in te stel op klere bo R500 wat by Temu of Shein aanlynwinkels gekoop word nie

Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

3.5.3 [*Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1*]
- Suid-Afrikaanse Kleinhandel- Klere, Tekstiel-, Skoene- en Leer Meesterplan (1 x 2) (2)

3.5.4 [*Interpretasie van inligting in Bron 3D – V2*]
- Plaaslike fabrieke is gestimuleer deur die meesterplan, waar finansiële ondersteuning vir die aankoop van toerusting en masjinerie aan klein fabrieke verskaf is.
- Die meesterplan het gevolglik meer as 20 000 werksgeleenthede in die kleinhandelsektor geskep
- Dit het gelei tot 'n toename van 60% in plaaslik vervaardigde goedere
- Doeanebelastingbedrog is verminder op ingevoerde goedere
- Die SAID het die inspeksie van goedere verhoog
- SAID doeane konfiskeer en vernietig onwettige goedere

Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.6 [*Interpretasie, evaluering en sintese uit relevante bronne – V3*]
Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoorde insluit:

- Aanlynwinkels soos Temu en Shein het die Suid-Afrikaanse markte bestorm en die plaaslike kleinhandelbedryf ontwrig (Bron 3A)
- Hulle stel 'n ernstige uitdaging vir die plaaslike bedryf omdat hulle die plaaslike markte oorstroom met goedkoop klere/goedere (Bron 3A)
- Die instroming van goedkoop goedere na die markte het geweldige druk op die plaaslike kleinhandelbedryf geplaas (Bron 3A)
- Dit het gelei tot onregverdige mededinging wat die plaaslike fabrieke gedwing het om te sluit (Bron 3A)
- Dit het gelei tot verhoogde werksverliese in die kleinhandelsektor (Bron 3A)
- Suid-Afrikaanse plaaslike handelsmerke kry swaar omdat hulle nie kan meeding met die goedkoper klere/goedere wat deur Temu en Shein/ander aanlynwinkels vervaardig word nie (Bron 3A)
- Hierdie aanlynwinkels het voordeel getrek uit die administratiewe skuiwergat om hul produkte teen 'n baie lae koste na Suid-Afrika in te voer (Bron 3B)
- Temu en Shein is deur die Takealot-groep daarvan beskuldig dat hulle die herindustrialiseringspogings in Suid-Afrika bedreig (Bron 3B)
- Aanlynwinkels benadeel kleinsakeondernemings in Suid-Afrika (Bron 3B)
- Verbruikers in SA het voordeel getrek uit die goedkoop pryse/verskeidenheid klere wat deur die aanlynwinkels/vinnige modewinkels aangebied word (Bron 3D)
- Toe die SAID 'n hoër tarief op die invoer van klere vanaf hierdie aanlynwinkels ingestel het, het duisende Suid-Afrikaners 'n petisie onderteken wat die besluit teenstaan (Bron 3D)
- Suid-Afrikaanse verbruikers kla dat plaaslike goedere duur is en daarom die voorkeur vir goedkoper goedere van Temu en Shein (Bron 3D)

Enige ander relevante antwoord (8)

**[50]**

**Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse Toon **min begrip van hoe internasionale e-handelsreuse (maatskappye) die kleinhandelbedryf in Suid-Afrika in die 21ste eeu beïnvloed.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf oor die onderwerp skryf nie. | **PUNTE 0 – 2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou tot 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon 'n mate van begrip van hoe internasionale e-handelsreuse (maatskappye) die kleinhandelbedryf in Suid-Afrika in die 21ste eeu beïnvloed**.<br>• Gebruik bewyse op 'n baie basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3 – 4** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer 'n deeglike begrip van hoe internasionale e-handelsreuse (maatskappye) die kleinhandelbedryf in Suid-Afrika in die 21ste eeu beïnvloed**. Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat 'n begrip van die onderwerp toon. | **PUNTE 5 – 8** |

## AFDELING B: OPSTELVRAE

## VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA – DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

**SINOPSIS**

Kandidate moet krities bespreek hoe Steve Biko en die Swart Bewussynsbeweging swartes bemagtig het om vir hulself op te staan teen apartheid in die 1960's en 1970's. Die kritiese bespreking moet aandui hoe Steve Biko en die Swart Bewussynsbeweging swart mense bemagtig het om vir hulself op te staan en hoe die Apartheidsregering daarop gereageer het. Hulle moet hul argument met relevante historiese bewyse staaf.

**HOOFASPEKTE**
Kandidate moet die volgende aspekte in hul opstelle insluit:

Inleiding:
Kandidate moet aandui hoe Steve Biko en die Swart Bewussynsbeweging swart mense bemagtig het om vir hulself op te staan teen apartheid en hoe die Apartheidsregering daarop gereageer het. Hulle moet 'n uiteensetting gee van die inhoud wat hulle sal gebruik vir die fokus op hoe Steve Biko en die Swart Bewussynsbeweging swartes bemagtig het om vir hulself op te staan teen apartheid in die 1960's en 1970's.

**UITBREIDING**
- Politieke vakuum (agtergrond)
  - Gestig na die verbanning van die ANC en PAC in 1960
  - Gevangenisstraf van politieke leiers in die 1960's
  - Leiers in ballingskap
  - Onderdrukking van politieke byeenkomste en aktiwiteite in die 1960's

- **Rol van die BBC**
  - Gelei deur Biko in die organisering van swart Suid-Afrikaners rondom die filosofie van Swartbewussyn
  - Swartes is met 'n gevoel van trots gevul
  - Om hulleself te aanvaar en selfvertroue/ selfstandigheid/identiteitsgevoel aan te moedig
  - Swartes bemagtig om die gees van selfbejammering te verwerp; minderwaardigheidskompleks; selfvervreemding en oorheersing deur eksterne kragte

- **SB het swart mense bemagtig om nuwe politieke organisasies te stig**
  - Swart studente het hulself begin organiseer om wit oorheersing te weerstaan deur weg te breek van NUSAS en SASO is gestig (1968)
  - Swart studente het die filosofie van swartbewussyn aangeneem (Rol van Biko/SASO)
  - SASO was vir universiteitstudente en SASM vir skole

- SBB en SASO het VIVA FRELIMO-saamtrekke georganiseer (1974) - die regering het bedreig gevoel deur hierdie mense, uit vrees vir 'n aanval op hulle, en het beplan om hierdie optrede teen te werk.
- Die regering het SASO-leiers in hegtenis geneem, sommige uit universiteite geskors, sommige is in ballingskap gegaan.
- Die arrestasies van SB-leiers het politieke aktivisme verhoog
- SB het gelei tot die vorming van die Swartmense se Konvensie (BPC) in 1972 wat studente, kerke, gemeenskappe en vakbonde betrek het
- studenteleiers is voortdurend deur die polisie geteister

- **SB en Arbeid het arbeid/bemagtig om onbillike arbeidswette en werksomstandighede uit te daag**
  - Vakbonde belyn met die SB-filosofie het die Black Parents' Association en Black Allied Workers Union (BAWU) ingesluit.
  - Organiseer werkers om vakbonde te stig
  - SB het gelei tot die stigting van die Black Allied Workers Union (BAWU) – werkerstakings in Durban in 1973

- **SB en Gemeenskapsprojekte - bemagtig selfstandigheid deur die skepping van gemeenskapsprojekte**
  - Biko se verbanning na King Williams Town het daartoe gelei dat die fokus na gemeenskapsprogramme verskuif is
  - SB het onafhanklikheid van blankes bevorder deur die vestiging van Swart Gemeenskapsprogramme om swartes sonder wit bystand te ondersteun. Voorbeelde is Zanempilo Gesondheidskliniek; Ginsburg Opvoedkundige Trust; Zimele Trustfonds; Solempilo Gemeenskapsgesondheidsentrum; Ithuseng Gemeenskapsgesondheidsprogram en winterskoolprojekte

- **SB en die Soweto-opstand - SB het studente bemagtig om Bantoe Onderwys uit te daag/hernude moed om euwels van apartheid uit te daag**
  - Bantoe-onderwys het Afrikaans as onderrigmedium in skole ingestel (1975)
  - Die departementele omsendbrief oor Afrikaans (50/50) was die vonk wat die Soweto-opstand laat ontvlam het.
  - SASO en SASM het die stigting van Soweto Studente Verteenwoordigende Raad (SSRC) beïnvloed.
  - Sowel swart onderwysers as studente het Afrikaans as die taal van die onderdrukker verwerp
  - Suid-Afrikaanse Studentebeweging is in 1972 gestig wat Swartes blootgestel het aan die ideale van SB
  - Sommige onderwysers en leerders is reeds blootgestel aan leerstellings van Biko en die SB-filosofie deur SASO-studentonderwysers van universiteite
  - 16 Junie 1976 het studente vreedsaam betoog teen die implementering van die omsendbrief
  - Polisiereaksie op studentebetogings (Hector Petersen, 'n 13-jarige seun was een van die eerste slagoffers van hierdie opstand)

- **SB en die media - Die media het die verspreiding van die ideologie na alle sektore van die samelewing beïnvloed**
  - Media wat die SB-filosofie simpatiek was, bv. The World-koerant, Thrust
  - Regeringsreaksie: **[50]**

- Al 17 SB-belynde organisasies is verbied
- Biko is in 1977 vermoor terwyl hy in polisie-aanhouding was
- Die regering het meer onderdrukkende wette ingestel

Enige ander relevante antwoord

**Gevolgtrekking:** Kandidate moet hul argument met 'n relevante gevolgtrekking opsom.

## VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

**SINOPSIS**
Kandidate moet verduidelik dat die pad na demokrasie gekenmerk is deur 'n kombinasie van uitdagende omstandighede, wat in 'n mindere of meerdere mate uiteindelik tot 'n onderhandelde skikking in Suid-Afrika in 1994 gelei het. Hulle moet hul argument met relevante historiese bewyse staaf.

**HOOFASPEKTE**
**Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoord insluit:**

- Kandidate moet verduidelik dat die pad na demokrasie gekenmerk is deur 'n kombinasie van uitdagende omstandighede, wat in 'n mindere of meerdere mate uiteindelik tot 'n onderhandelde skikking in Suid-Afrika in 1994 gelei het. Hulle moet 'n uiteensetting of voorbeelde van inhoud verskaf wat hulle sou gebruik om hul argument te ondersteun.

**UITBREIDING**

- De Klerk kom in 1989 aan bewind – kort agtergrond
- De Klerk se toespraak in die parlement – 2 Februarie 1990
- Die ontbanning van politieke en burgerlike organisasies soos die ANC en SAKP
- Die opheffing van beperkings op die leierskap van COSATU en AZAPO
- De Klerk se besluit om Mandela op 11 Februarie 1990 uit die tronk vry te laat, wat die weg vir onderhandelinge gebaan het
- Geweld wat in Sebokeng uitgebreek het tydens huurboikotte – (uitdaging)
- Groote Schuur-Minuut – 2 Mei 1990: ANC en NP het vergader; ANC-afvaardiging gelei deur Nelson Mandela, NP-afvaardiging gelei deur FW de Klerk – Leierskap verskille en geweld oorkom
- Pretoria-minuut – 6 Augustus 1990: ANC stem in om die gewapende stryd op te skort
- Derde-mag-geweld in Natal tussen Inkatha, die ANC en die apartheidsregering
- KODESA 1 – 19 politieke partye uitgesluit AZAPO, KP en PAC 300 afgevaardigdes-
- Referendum slegs vir blankes en die impak daarvan – Maart 1992
- KODESA 2 - 2 Mei 1992- het ineengestort. Partye kon nie ooreenkom oor 'n nuwe grondwetmakende liggaam en tussentydse regering nie.
- Die NP wou 'n minderheidsveto hê, terwyl die ANC 'n tussentydse regering van nie langer as 18 maande en eenvoudige meerderheidsregering wou hê – meningsverskille het die onderhandelinge moeilik gemaak
- Geweld breek uit in sommige dele van die land soos Transvaal en Natal – wat die delikate onderhandelinge bemoeilik
- Boipatong-slagting en die gevolge daarvan – 17 Junie 1992 – geweld het die oorgang na demokrasie bemoeilik
- Bisho-slagting het die onderhandelingsproses ontspoor – 7 September 1992
- Rekord van Verstandhouding onderteken op 26 September 1992 tussen Roelf Meyer (NP) en Cyril Ramaphosa (ANC)
- 1993 Veelparty-onderhandelingsforum

- "Oorgangsklousule" voorgestel deur Joe Slovo het die dooiepunt in onderhandelinge verbreek
- Moord op Chris Hani – 10 April 1993 – en die impak daarvan op Suid-Afrika – geweld het die oorgang na demokrasie bemoeilik
- Regtervleuel (AWB) aanval op die Wêreldhandelsentrum en die gevolge daarvan – Junie 1993
- St. James-kerk-slagting deur APLA – Julie 1993
- Heidelberg-taverne-slagting deur APLA – Desember 1993
- Geweld in Bophuthatswana – 11 Maart 1994 – op die vooraand van die verkiesing het die oorgang na demokrasie bemoeilik
- Shell House-slagting en die gevolge daarvan – 28 Maart 1994 – geweld het die oorgang na demokrasie bemoeilik
- Verkiesingsdatum aangekondig – 27 April 1994
- ANC wen die verkiesing en Mandela word die eerste swart president van Suid-Afrika
- Regering van Nasionale Eenheid word ingestel

Enige ander relevante antwoord

**Gevolgtrekking:** Kandidate moet hulle argument met 'n relevante gevolgtrekking opsom. **[50]**

## VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

**SINOPSIS**

Kandidate moet saamstem of nie saamstem met die stelling dat die ineenstorting van die Sowjetunie in 1989 as 'n belangrike katalisator (vonk) gedien het vir die politieke oorgang wat in die 1990's in Suid-Afrika plaasgevind het. Indien kandidate nie saamstem nie, moet hulle hul argument met relevante historiese bewyse staaf.

**HOOFASPEKTE**

Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt inneem deur saam te stem of te verskil dat die ineenstorting van die Sowjetunie in 1989 as 'n belangrike katalisator vir die politieke oorgang in Suid-Afrika in die 1990's gedien het. Hulle moet 'n uiteensetting of voorbeelde van inhoud verskaf wat hulle sal gebruik om hul argument te ondersteun. Indien kandidate nie saamstem nie, moet hulle hul argument met relevante historiese bewyse staaf.

**UITBREIDING**

- Sowjetunie ondervind moeilike ekonomiese toestande (agtergrond)
- Gorbachev neem leierskapsposisie in Sowjetunie in 1985 oor en stel 'Perestrioka' en 'Glasnost' in
- Perestroika het kleinskaalse privaateienaarskap en regeringsbeheer oor produksie toegelaat – beweeg weg van kommunisme af
- Perestroika en Glasnost het gelei tot eise dat kommunisme beëindig word en volle demokrasie ingestel word
- Lei tot die einde van kommunisme en die Koue Oorlog/Rusland is nie meer as supermoondheid beskou nie/Kommunisme word nie meer as globale dreigement gesien nie
- Die VSA en sy bondgenote kon nie meer voortgaan om die apartheidsregering te ondersteun nie
- Die Weste het druk op die NP regering geplaas om met die ANC te onderhandel of sanksies sou voortgesit word.
- Die ineenstorting van die Sowjetunie het druk op beide die Nasionale Party en die ANC geplaas om te begin onderhandel
- Die nederlaag van die SAW tydens die Slag van Cuito Caunavale in 1988 het die Nasionale Party aangemoedig om met die kommuniste te onderhandel oor die onafhanklikheid van Suidwes-Afrika
- Suid-Afrika het uit Suidwes-Afrika onttrek – SWAPO het die verkiesing gewen (1990) en dit Namibië genoem
- Die vreedsame oorgang vanaf wit minderheidsregering tot Swart meerderheidsregering in Namibië het as 'n bloudruk vir SA gedien om dieselfde te doen
- Dit het duidelik geword dat die Nasionale Party nie wit heersugtige regering onbepaald kan handhaaf nie
- Invloedryke Nasionale Party-lede het begin besef dat apartheid nie die antwoord was vir die ontwikkeling van 'wit ekonomiese'- belange nie
- Die regering het begin glo dat hervormings nodig was vir die ontwikkeling van 'n sterk swart middelklas as 'n 'bolwerk teen rewolusie'
- Die Suid-Afrikaanse regering kon nie meer die bedreiging van kommunisme gebruik om Westerse ondersteuning te kry nie
- Suid-Afrika kon nie meer op Westerse steun staatmaak vir sy 'antikommunistiese standpunt nie
- Wêreldpolitiek het verander en dit het 'n invloed gehad op Suid-Afrika se apartheidsbeleid
- Die apartheidsregime kon nie meer kommunisme gebruik om sy rassesegregasiebeleid te regverdig nie
- Die Nasionale Party se aandrang dat dit Suid-Afrika van 'n kommunistiese aanslag beskerm het, het onrealisties geword
- De Klerk het gedink dat die ANC swak was en sy bereidgewilligheid gewys om met hulle te onderhandel
- Die USSR kon nie meer die ANC finansieel ondersteun nie, want dit was bankrot
- Die USSR wou nie meer die ANC met wapens ondersteun nie omdat dit ten gunste was van vreedsame onderhandeling
- Die ANC was nie meer in staat om die gewapende stryd teen die NP voort te sit sonder hierdie militêre en finansiële ondersteuning nie

- Die ANC het ook nou 'n bereidwilligheid getoon om met die NP te onderhandel as 'n alternatief vir die gewapende stryd
- FW de Klerk het begin aanvaar dat die swart stryd teen apartheid nie 'n sameswering was wat uit Moskou bestuur is nie
- Dit het De Klerk in staat gestel om met die bevrydingsorganisasies te onderhandel om 'n blywende oplossing vir Suid-Afrika te kry
- Op 2 Februarie 1990 het De Klerk die ontbanning van alle anti-apartheidsorganisasies aangekondig en dit het die weg gebaan vir veelparty onderhandeling
- Hierdie onderhandeling het uiteindelik aanleiding gegee tot demokratiese verkiesings wat gedurende 1994 gehou is.

Enige ander relevante antwoord

**Gevolgtrekking:** Kandidate moet hulle argument met 'n relevante gevolgtrekking opsom. **[50]**

**TOTAAL: 150**